## 14 Mei - HEILIGDOM

**Skrifgedeelte: Psalm 63**
**Fokusgedeelte: Psalm 63:3**

Dawid is in die woestyn, aan die vlug vir Absalom. Hy is ontredderd, onveilig, uitgelewer, alleen. Hy het egter net één verlange – na God! Hy wil intiem-persoonlik met die Here omgaan. Met sy hele mens-wees soek hy na God, nie omdat God onbekend is vir hom of omdat hy oor God twyfel nie. Néé, hy verlang net na die Here se vastigheid, nabyheid, grootsheid.

Daarom dink hy terug aan die tyd in die HEILIGDOM – simbool van God se teenwoordigheid. Moses het die opdrag gekry om die tabernakel as heiligdom te maak, sodat die Here tussen sy volk kan woon (Eks 25:8). Die heiligdom is God se woonplek. Wanneer jy by die heiligdom kom, kom jy by God!

Dit is waaraan Dawid terugdink: aan sy persoonlike belewing van die Here, sy wees-by-die-Here. Ja, toe hy vroeër by die heiligdom was, het hy die Here se grootse heerlikheid gesien en beleef. Was dit nie juis by die heiligdom waar hy gaan aanbid het kort na sy eerste seuntjie by Batseba gesterf het (2 Sam 12:20) en waar hy die Here se versoening en genadekrag beleef het nie?

Daarom jubel Dawid oor die Here se liefde, oor sy verbondstrou wat soveel meer werd is as sy eie gemak, veiligheid en koningskap. Daarom peins hy voor hy aan die slaap raak oor die Here se hulp en beskerming. Daarom weet hy: *die Here is met hom*, al soek sy eie seun sy ondergang!

Wat 'n voorreg is dit nie om in die heiligdom – by God – te kan kom, intiem met die Here te kan omgaan en die Here se heerlike grootsheid te beleef nie!

En die wonderlike is: ek en jy het vrye toegang tot hierdie heiligdom – deur Jesus se bloed (Heb 10:19)!

*Sing: Psalm 84:1-2* *Ds PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)*